Errol Arendz in Windhoek!

SÓ 'n geleentheid kry vroue in Windhoek selde. Een van die bekendste ontwerpers in Suid-Afrika kom al sy lente- en somerskeppinge hier in Windhoek vertoon.

Errol Arendz is hier nie meer 'n onbekende naa nie en hy het vroue gaande oor sy ontwerpe wat die ene sagte vroulikheid is.

Sy skeppings het 'n soort tydlose kwaliteit wat dit die moeite werd maak om hulle in jou kas te hê. Hy ontwerp vir allê smake. Eeenvoudig, maar met soveel oorspronklikheid dat elke uitrusting 'n prentjie voltooi. Nie die prentjie van die uitrusting nie, maar dié van die vrou. Sagte lyne, sagte teksture en 'n soort onopvallende trefkrag.

Onder sy lente- en somerontwerpe is daar beslis ook nie nêt hiervan nie. Hy maak voorsiening vir al die roekeloosheid van jongmeisies se individuele smaak — die nuutste modegiere, in 'n baie individuele Arendz-ontwerp.

'n Besondere kenmerk van die groot ontwerper, is sy uitsonderlike kombinasies van teksture. Hy gebruik meestal katoen, sy, ruwe sy, chiffon en kant — in die mees uitsonderlike kombinasies. Soms selfs katoen, chiffon en kant in een uitrusting, met pragtige resultate.

Een van sy gunstelinge, wat materiaal betref, is ruwe sy — dié jaar hoogmode.

Sy somerskeppinge is opvallend koel — lekker los en lugtig, net reg vir ons somerweer, veral die kaftans met hulle vrolike kleure — almal handbedruk, met 'n baie interessante soomlyn.

Errol Arendz beklemtoon 'n mooi, dun middellyn met 'n ingetrekte lyfie — 'n loshangende jurkie bo-oor, vir meer formeel of 'n bietjie warmer. In die algemeen is sy ontwerpe baie aanpasbaar. Dit is vir bedags en saans ewe geskik, met net 'n effense aanpassinkie om die voorkoms te verander — juwele, skoene of 'n kapsel.

Die amper militêre styl van die hoedjies beklemtoon die vroulikheid van die tabberds. So hier en daar is daar darem nog 'n groot, wye rand en 'n bietjie minder gewaagdheid.

Errol Arendz se lente- en somerskeppinge word Maandagaand tydens 'n deftige geleentheid in die Aula vertoon. Die kunstenaar is die eregas by 'n skemeronthaal voor die vertoning.

ERROL ARENDZ, een van Suid-Afrika se jongste belowendste modeontwerpers, het gisteraand in Windhoek ongeveer 400 gaste na hul asem laat snak. Vyftig skeppings in sy lente/somer-ontwerp is in 'n stampvol Aula vertoon. Op die foto dra Cynthia 'n skepping in katoen, kaasdoek en satyn.

DIT was 'n fees. Windhoek het sy mooiste modeparade ooit gehou. Dit was in die sonnige Verwoerdpark in die middestad. Vroue het oopmond sit en kyk: Suidwespelse en die beste ontwerpe wat gevind kan word, maar dit was ons Kaapse Errol Arendz se ontwerpe wat behoorlik geblom het.

Vroue uit alle oorde van die wêreld het daar gesit. Altesame 250 van hulle. Hulle het die konvensie van die Lions Internasional daar bygewoon en is toe saam met vroue van die stad onthaal.

Daarmee het Errol se skeppinge heeltemal „internasionaal" geraak. En jy het nie nodig gehad om fyn te luister hoe hard die vroueharte gewens en begeer het nie. Die een was mooier as die ander.

Die belangrikste gevolg van daardie mode-middag is dat Errol nou Suidwes toe móét gaan. Die vroue wil hom daar hê. En hy gaan. So teen Augustusmaand se kant sal hy daar wees.

Rieth Mudge (verslaggeefster) en Paul van Schalkwyk (fotograaf) van die Republikein, die Windhoekse koerant, het toe agterna spesiaal vir Cynthia en Anita, van die beste modelle wat die stad het, gaan kiek om hulle hier in ons koerant te wys.